ds. PJ Kriel Paasvrydag 25.03.2016

Inhoud. Paasvrydag is die klimaks in die botsing van twee maniere van redding. Christus is die offer vir sondaars se sonde terwyl geestelikes mense oortuig dat hulle hul self moet opoffer vir die saak van God wat hulle in God se Naam bedryf.

Skriflesing: Lukas 1: 67 – 75; 23: 26 – 43.

Teksvers 23: 31 “As hulle dit met die groenhout doen, wat sal dan met die droë hout gebeur?”

Tema: Ons glo in Christus se offer op Golgota. Ons offer ons self nie op in geestelikes se geknoeiery met God nie.

1.Die gebeure op Golgota op Paasvrydag wys die finale botsing oor twee verskillende maniere om gered te word!

Christus se manier en die Joodse geestelike leiers se manier!

In die botsing Jesus teenoor die Jode openbaar die Here sy manier van redding as totaal anders van enige ander manier van redding in die hele wêreld.

Sy manier is dat Hy as Here self die offer is as mens vir mense se sondes. Hulle manier is om hulle mense te lei om hulle self vir hulle geestelike mag op te offer asof dit God se saak is waarvoor hulle hul self opoffer.

Dat die verskil oor redding die werklike finale klimaks van die botsing met Jesus is, sien ons in die wyse waarop die Joodse raadsleiers Jesus aan die kruis spot: “Ander het hy gered. Laat Hy Homself red as Hy die Christus is wat deur God uitverkies is.”

In hierdie woorde teenoor Jesus aan die kruis stel hulle openlik en duidelik hulle eie opvatting oor redding: hulle Messias moet homself red! Hulle glo in ŉ Messias wat homself red. Hierdie Messias sal hulle manier van redding bekragtig – jy moet jouself red deur die wet van God te onderhou soos hulle dit doen.

Dit was die saak wat hulle gegrief het van die begin tot die einde met Jesus se openbare optrede. Wanneer hulle sê: “Red jouself en ons sal in jou glo, moet ons al die insidente in Lukas raaklees waarin Jesus mense op sy manier vergeef het en hulle kwaad was dat Hy dink dat Hy so iets durf gedoen het.

Hulle gespot oor ander wat Jesus gered het verwys nie sommer net na hoe die Here mense genees het of vir die weduwee van Nain se seun en Lasarus uit die dood uit laat opstaan het nie.

Hulle spot Hom baie spesifiek oor die wyse waarop Jesus verklaar het dat Hy mense se sondes vergewe. Veral ook oor die tipe mense vir wie Hy vergewe het: mense wat regtig sondig is en nie geestelik met die wet van God besig is soos hulle nie.

2. U kan gerus die boek Lukas lees om te sien hoe die spanning van hierdie verskil oor redding van sonde, insident vir insident tussen Jesus en die Jode opbou tot die finale klimaks in die gebeure op Golgota…

Dit is die belangrikste spanningslyn in die Lukas evangelie. Dit begin reeds met die aankondiging van Jesus se geboorte. Sagaria, Johannes die doper se pa, verkondig dit in die woorde:

"Lofwaardig is die Here, die God van Israel, want Hy het sy volk in genade opgesoek en verlossing vir hulle bewerk. 'n Sterk Verlosser het Hy vir ons laat opstaan uit die huis van sy dienaar Dawid… dat Hy sou gee dat ons, gered uit die hand van ons vyande, Hom onbevrees kan dien, in geregtigheid en heiligheid al die dae van ons lewe…" 1: 68- 75.

3. Die eerste openlike botsing met die Joodse redding was met Jesus se genesing van 'n melaatse in Lukas hoofstuk 5. Toe hulle die melaatse na die Here bring het Hy allereers vir hom gesê: "Toe Hy hulle geloof sien, sê Hy: "Mens jou sondes is jou vergewe." vers 20.

Hiervoor is Jesus dadelik aangeval deur die skrifgeleerdes en Fariseërs.

"Wie is hy dat hy so godlasterlik praat? Wie anders kan sondes vergewe as net God alleen?

Lukas stel daarop "Maar Jesus het hulle redeneringe gemerk en vir hulle gesê: Wat is makliker? Om te sê jou sondes is jou vergewe" of om te sê: "Staan op en loop? Bedoelende dat enige iemand so iets sommer kan sê. Maar die Here gaan daarom vir hulle die bewys lewer dat Hy self God is wat vergewe deur voor hulle oë te doen wat net God kan doen.

Toe sê Hy vir die verlamde man: "Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe." verse 21 – 24.

4. Direk na hierdie eerste botsing eet Jesus saam met Levi die tollenaar. Hulle verwyt is dat Jesus nie gekom het om sondaars te red nie, maar om saam met hulle hul losbandigheid te vier. Daarom meng Hy met hulle sondaars volgens hulle.

Die Here se antwoord is dat Hy juis vir sondaars kom red het, bedoelende mense wat hulle self nie met hulle eie geestelikheid kan red nie.

Hierna genees Jesus weer iemand met ŉ gebreklike hand op die Sabbat om te wys dat Hy die Here van die Sabbat is en daarom mense gaan vergewe, terwyl die Joodse geestelike leiers weer oortuig is dat Jesus juis bewys Hy kan niemand red nie omdat Hy nie die Sabbat onderhou nie. (6: 6 – 11)

Dit is ook die inhoud van die botsing wat tussen Jesus en Simon die Fariseër oor Jesus ŉ prostituut in sy huis se sonde vergewe het.

Hier sê Jesus vir Simon: "Ek sê vir jou, omdat haar sondes wat baie is, vergewe is, daarom bewys sy baie liefde. Maar hy vir wie min vergewe is, bewys min liefde." Toe sê die Here vir haar ook voor hom: "Jou sondes is jou vergewe? en weer stry al die Jode deur te vra: "Wie is hierdie man dat hy selfs sondes vergewe?" en "Jou geloof het jou gered." 7: 36 – 50

Jesus se deurslaggewende ontmaskering van hulle manier van redding vind plaas in die gesprek met die ryk jongman in Lukas 18. Hy nader as invloedryke Jood, die nuwe direkte Afrikaanse vertaling noem hom ŉ maghebber, Jesus met die vraag wat hy moet doen om gered te word, dit is, om die ewige lewe te kan kry.

Jesus se gesprek wys dat hy glo hy is gered omdat hy die wet van sy kinderdae af onderhou. Toe die Here egter die werklike eis van gehoorsaamheid aan God stel waarin jy geen mag, geen invloed, geen rykdom of aansien verkry deur gehoorsaamheid aan God se wet nie, wil hy nie meer iets weet van Jesus se manier van redding nie.

Jesus maak teenoor die Joodse geestelike leiers se manier van redding en vergifnis van sonde dan die volgende stelling: "Ellende wag vir julle, wetsgeleerdes, want julle het die sleutel van kennis weggeneem. Self het julle nie ingegaan nie, en dié wat wou ingaan, vir hulle het julle verhinder." Lukas 11: 52.

5. Die openlike stryd wat tussen met die genesing van die melaatse in hoofstuk 5 tussen Jesus en die Fariseërs begin het, het op Golgota nou sy finale hoogtepunt bereik.

Hy wat verklaar dat Hy die volmag het om sondes te vergewe en dit is ŉ totaal ander manier as die tipe vergifnis waarmee die geestelikes leiers van die Jode mee besig was met hulle volgelinge.

Wanneer hulle Jesus dan hier op die hoogtepunt van die Paasvrydag gebeure spot, dat Hy homself moet red voor hulle in Hom sal glo, gaan dit oor hulle minagting vir Jesus as Verlosser, die wyse waarop Hy Verlosser is en die tipe mense wat Hy vergewe.

Jesus antwoord op Paasvrydag aan die kruis die vraag wat hulle die hele tyd gevra het: Hoe kan hierdie man sonde vergewe? Die antwoord is dat hierdie man sterf onskuldig as offer vir sondaars terwyl al sy dade gewys het Hy is self God.

Dit is die totale ironie van hulle manier om jouself te red teenoor die Here wat juis in en deur hulle geknoeiery besig is om mense te red deur self die offer vir hulle sonde te wees.

Dit is die kontras wat u dan ook tussen Jesus en die Joodse geestelike leiers op Golgota moet raaksien.

6. Juis aan die kruis doen die Here twee dinge om alles wat Hy met sondaars deur die sy hele lewe gedoen het. Hy verseël en bevestig finaal waarmee Hy in sy lewe met sondaars besig as om te doen: te verklaar dat Hy hulle vergewe.

Net Lukas, geen ander evangelie nie, vertel van hierdie spesifieke kruiswoorde van die Here.

Die een is: "Vader vergeef hulle want hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie." Die tweede is sy vergifnis van die struikrower aan die kruis: "Vandag sal jy saam met my in die paradys wees."

Dit is die finale verskil wat die Here uitwys aan die kruis: Hy vergewe sondaars. Deur sy kruisiging en sterwe as offer vir sondaars se sonde is Hy juis die Een wat intree vir sondaars by God die Vader.

Hy tree vir alle sondaars is, of hulle Hom nou gekruisig het en of hy 'n moordenaar aan sy eie kruis is. Dit is hoe Hy die sterk Verlosser is wat Sagaria in hoofstuk 1 aankondig.

Met hierdie verklarings wys die Here waarmee Hy besig is aan die kruis: om Middelaar te wees en vir sondaars met sy offer in te staan vir hulle sonde. Hy dra die vloek van hul sonde sodat Hy hulle kan regverdig en heilig voor die wet van God soos Sagaria dit aangekondig het in sy loflied.

Hy is besig om die straf, oordeel en vloek van sonde te dra sodat Hy self die een is wat elke sondaar wat in Hom glo vergewe.

Vir hier die wyse waarop Hy besig is om die offer vir sonde te wees, spot die Joodse geestelikes Hom. Want hulle glo in redding deur self te doen wat die wet van God eis.

7. Die Here openbaar self waarmee die Jode eintlik besig is in hulle manier van redding en vergifnis, redding deur self te doen wat die wet te eis…

Die werklike inhoud en diepte van hierdie sogenaamde selfredding wat hulle ook van Jesus eis, openbaar die Here wanneer Hy weer net in die Lukas evangelie die wenende vroue wat agter Hom aanloop op pad na sy kruisiging toespreek.

Die spreuk wat die Here gebruik ontmasker hulle selreddingskema nes die Here die ryk jongman se sogenaamde poging om die ewige lewe te wil beërf het, ontmasker het in hoofstuk 18. Hulle is met heeltemal iets anders as redding besig in hulle sogenaamde selfreddingsgeestelikheid.

Die Here ontmasker hulle geestelikheid se werklike bedoeling met die spreuk: “As hulle dit met die groen hout doen, wat sal dan met die droë hout gebeur?”

In hierdie spreuk is Jesus die groen hout en die vroue en hulle kinders, eintlik die hele Joodse volk, is die droë hout.

Die “hulle” is die Joodse geestelike leiers wat besig is om voor te gee dat dit vir hulle gaan om redding en die ewige lewe terwyl hulle met iets anders besig is.

Die “doen” gaan oor die geknoeiery van die Jode. Nes die ryk jongman is hulle met geestelike mag en invloed besig maar maak asof hulle geestelike mag en belange God se saak is.

Deur mense onder die oordeel en skuld van God se wet te plaas lei hulle volgelinge om hulle vir hulle eie belange op te offer asof dit God se saak is.

8. Ons mag nie dink dat Jesus met hierdie spreuk ’n spesiale vloek uitspreek oor hierdie vroue en Joodse geestelikes nie.

Baie mense probeer dit so voorhou en wys dan dat die vernietiging van Jerusalem en die tempel is God se spesiale vervloeking vir wat die Jode aan Jesus gedoen het.

Dit kan nooit so gelees word nie.

Dit is totaal teenstrydig met alles wat Jesus op Paasvrydag doen om voor te hou dat Hy die Jode op ’n baie spesiale manier vervloek en straf vir wat hulle aan Hom doen.

Wie dit só sien neem glad nie die Here se gebed vir alle Jode aan die kruis, saam met die Romeinse owerheid, ernstig op nie.

Die Here het hulle as hoogtepunt van sy verlossingswerk aan die kruis gewys dat Hy ook vir hulle sonde sterf en intree sodat elkeen wat in Hom glo, al het hulle Hom vals beskuldig, Hom gegesel met swepe, Hom sy kruis laat dra het na Golgota, Hom met

spykers aan die kruis vas geslaan het, hom van sy klere geroof en Hom gespot, vergewe.

Jode en Romeine staan nie onder een of ander spesiale vloek vir wat hulle aan die Here gedoen het nie. Hy sterf ook om vir hulle te kan vergewe, nes Hy al die ander mense deur die hele evangelie van Lukas vergewe!

Jesus maak nie sommer net ŉ mooi vroom opmerking aan die kruis net om die Jode veertig jaar op ŉ baie gruwelike en verskriklike manier te vervloek en te straf vir wat hulle met Hom gedoen het aan die kruis nie.

9. Dit is juis wat die Here met sy spreuk oor groen en droë hout uitwys: wat die Joodse geestelikes met hulle vergifnisbedryf met Hom doen, hulle eie mag en invloed laat geld asof dit God se saak is, gaan hulle, die Joodse geestelikes, ook met hulle as vroue en hul kinders doen.

Hulle wat Jesus se lot bekla gaan deur hulle eie geestelike leiers op presies dieselfde wyse behandel word, maar vir hulle sal dit nog erger wees as vir die Here.

Daarom is dit met erbarming en medelye dat die Here vir hulle sê wat met hulle in die Joodse vergifnisbedryf gaan gebeur gaan baie erger wees as wat besig is om met Hom te gebeur in die Joodse vergifnisbedryf.

Daarom behoort hulle eintlik oor hulle self te weeklag en te rou, eerder as oor Hom.

Dit is nie die Here se vloek wat hulle gaan tref nie. Hy is die Verlosser. Dit is die Joodse geestelikheid se vergifnisbedryf, hulle manier van eie mag en belange te laat geld asof dit redding is, wat die hele Joodse nasie in die verskrikking en gruwels sal laat sterf met die vernietiging van Jerusalem en die tempel deur die Romeine.

Nie Jesus se vloek gaan hulle in ellende dompel nie, maar die vloek van die vergifnisbedryf van die Joodse geestelikes.

10. Wat doen hulle met Jesus wat dieselfde gaan wees as wat hulle met hulle eie Joodse geestelike volgelinge gaan doen?

Dit het ons in verlede Sondag se preek gesien: hulle offer Jesus op vir hulle geestelike mag en vir al die belange wat hulle deur hulle geestelike mag verkry.

Dit is die regte verskil in redding wat op Golgota tot ŉ finale breuk kom: Jesus wat Hom self offer sodat mense nie vir God opgeoffer word nie teenoor mense wat glo hul moet hul self aan God opoffer vir hul sonde.

Dit was die Joodse geestelike mag: om mense te leer om in God se Naam hul self aan God op te offer vir hul sonde en vir God se sogenaamde sake.

Elke Joodse raadslid het geweet Jesus is nie skuldig vir wat hulle Hom voor wou doodmaak nie, dit is as misdadiger. Pilatus het dit geweet. Dit is deur die Romeinse offisier verklaar net toe die Here sterf: Hy is nie ŉ misdadiger soos Hy voorgehou was en voor gestraf was nie.

Nou hoekom maak hulle hom dood?

Om die tempel en die hele vergifnisbedryf van die Jode in die tempel te beskerm teen die manier waarop die Here besig was om mense te vergewe. Dit is in Kajafas die hoëpriester se eie woorde.

Die hart van hulle vergifnisbedryf was om mense te leer om hul self vir God op te offer vir hul sonde, hulle self te red deur die wet, soos hulle vir Jesus sê Hy Homself moet red, sodat hulle in Hom sal glo.

Hulle gebruik god se wet as skrif- en wetsgeleerdes om mense so skuldig teenoor God te stel, dat hulle in hierdie skuld hul eie lewe, eie wil en eie besluite oor hul self opoffer. In hierdie skuld voor God se wet laat hulle mense niks wees vir God nie. Dit is wat opoffer is: om jouself niks vir God te maak nie vir die skuld van jou sonde.

Mense wat hulle self so opoffer kan gebruik word vir eie mag en belange met die bygeloof dat hulle dit vir God doen.

Omdat Jesus hierdie skuldbedryf totaal bedreig het in alles wie Hy is en wat Hy doen, het hulle hierdie geestelike mag gebruik om Hom op te offer in belang van hulle geestelike vergifnisbedryf.

Hy is deur hulle opgeoffer vir die manier waarop hulle geestelikheid in die Naam van God bedryf.

11. En dit is wat die vroue van die Here oor hulle en hulle kinders moes hoor.

Julle gaan deur hierdie geestelikes ook vir hulle geestelike vergifnisbedryf opgeoffer word.

Dit is hoekom Jerusalem so geweldadig vernietig is deur die Romeine.

Dit is die ellende wat hulle geestelike geknoeiery oor hul self gebring het maar wat hulle geglo het, is God se saak. Daarom het hulle die Joodse vroue oortuig om met hul kinders hul self vir God op te offer binne hierdie geestelike geknoeiery van die Joodse leiers.

Nie een Christen was in Jerusalem toe die Romeine dit met vroue en kinders uitgewis het nie. Hulle het nie geglo die mag en geestelikheid wat die Joodse leiers in Jerusalem wou beskerm ten dode toe, was God se saak nie. Hulle het ŉ ander vergifnis in Christus ontdek. ŉ Vergifnis waarvoor jy nooit jouself vir God se sogenaamde sake en magsbelange moet opoffer nie.

Die Here wys dat hulle opgeoffer gaan word vir Joodse geestelike mag en belange nes hulle die Here vir hulle geestelike mag en belange opgeoffer het.

Dit is dieselfde manier waarop hulle behandel gaan word!

12. Wat is hierdie verskil?

Jesus word nie hul offer nie.

Hy is nie deur hulle opgeoffer vir hul geestelike belange nie. Dit het nooit met Christus so gebeur nie. Jesus is die offer wat God self gee en die enigste offer wat God self aanvaar vir sonde. Hy is die groen hout. Die mens wat nie sondig nie maar heilig is Luk. 1: 35 Die mens wat die lewende offer vir God is, die regte offer vir God.

Jesus sterf in die magsdaad dat in sy onskuld betaal Hy vir die sondes van sondaars sodat Hy elkeen met volmag kan vergewe wat glo dat die Here vir Hom geoffer is.

Hy word nie deur die geestelike leiers vir God opgeoffer ter wille van die geestelikheid van die tempel nie. Hy is geen offer vir die hele geestelike bedryf waarin mense geleer word om hulle self vir God vir hulle sondes op te offer nie.

Wat die Jode met Jesus doen is nie sy lot nie. Hy is nie die offer wat vir hulle plan om hulle mag te behou willoos sonder ŉ eie lewensdoel moet sterf nie.

Hy sterf met die doel om te leef as die Here wat sondaars sal vergeef deur sy offer aan die kruis, soos Hy van die begin tot aan die kruis sondaars vergewe het.

13. Maar die vroue en kinders word die offer wat die geestelikes opoffer vir hulle mag en belange.

Hulle word teen die verlossingsplan en buite die verlossingplan van God sonder die Here as sterk Verlosser vir die geestelike mag van geestelike leiers opgeoffer.

Opgeoffer in die geloof dat jy wanneer jy jouself so in die ellende van die geestelikes se magsbedryf oorgee, jy vir God opgeoffer word.

Dit is hoekom die Here vir hulle sê: Ween en rou oor julle self.

Julle gaan julle self laat opoffer vir die geestelike mag van geestelike leiers wat julle nie kan of wil vergewe nie, julle nie in God se vergifnis kan laat deel nie, terwyl julle in hierdie verlorenheid niks anders sal oorhê as om te glo dat die ellende wat hulle magspel en magsbedryf oor julle bring, julle opoffering vir God is.

Opgeoffer vir mense wat nie kan vergeef nie.

Opgeoffer vir die magsbelange van geestelikes wat nie God se raadsplan vir jou is nie.

Opgeoffer in die geloof dat dit vir God is terwyl dit teen God se wil is.

Opgeoffer vir ’n manier van redding waardeur jy nie gered kan word nie.

Opgeoffer vir God om redding te kry terwyl jy in jou opoffering geen redding kan vind nie.

Opgeoffer en verlore vir God omdat jy nie in die offer van Christus geglo het nie.

Dit is die weeklag oor Israel! Om die ellende wat jy en jou geestelike leiers oor jou bring te sien as ’n geleentheid om jouself vir God op te offer.

14. Hoe verskil dit van die offer wat Jesus bring en waardeur Hy verklaar dat ons vergewe is?

Kom ons kyk weer hoe hierdie redding deur Sagaria aangekondig word met die Here se geboorte:

Lofwaardig is die Here, die God van Israel, want Hy het sy volk in genade opgesoek en verlossing vir hulle bewerk. ’n Sterk Verlosser het Hy vir ons laat opstaan uit die huis van sy dienaar Dawid…dat Hy sou gee dat ons, gered uit die hand van ons vyande, Hom onbevrees kan dien, in geregtigheid en heiligheid al die dae van ons lewe.” 1: 68- 75.

Jesus offer Homself vir ons sonde sodat ons ons lewe in liefde aan God kan toewy. Toewy in die geloof ons diens en liefde aan God is reg en heilig deur Jesus Christus.

Toewyding in liefde is en kan nooit opoffering van jouself wees aan God se saak nie. God het nie sake vir sy kinders waaraan hulle hul self moet opoffer omdat hulle skuldig is voor God nie.

God het ons lief en laat ons Hom in liefde onbevrees dien vir enige vloek, oordeel of skuld waarin ons ons self moet opoffer.

Wat noem Sagaria die geestelikes wat jou skuld gebruik sodat jy uit vrees vir God jou self opoffer vir geestelikes se mag en belange in die geloof dat dit god se aak is?

Hy noem hulle gelowiges se vyande! Hy noem dit die mag van gelowiges se haters!

Geestelike leiers is nooit toegewy aan God se liefde nie. Hulle is altyd soos die ryk jongman met hulle eie mag en belange besig asof dit God se saak is. En hulle leer mense wat skuldig voor God is om hul self vir hulle eie mag en belange op te offer asof hulle hul vir God se saak op offer.

15. Paasfees openbaar die werklike verskil tussen die offer op Golgota en die opofferings wat in geestelikes se tempels gebring word: Christus wat ons red om God lief te hê teenoor geestelikes wat mense leer om hul self in hul skuld aan god se saak op te offer. Sake wat egter nooit God saak is nie nie maar net die geestelike geknoeiery van geestelike leier is.

In wie se redding deel ons?

Hoe klink die volgende redding vir u?

Die volk is God se volk en God se saak! Ons moet ons opoffer vir God se saak en God se belange!

En dan moet jy daarna bely dat jy skuldig is dat jy jouself vir God se volk opgeoffer het. Jy moet al die ellende wat geestelike geknoeiery oor die gemeenskap bring aanvaar as jou skuld en daarvoor moet jy jou self weer opoffer vir God se saak.

Die Nasie is God se nasie en jy moet nou jou eie belange opoffer vir God se saak.

Daar word vir hierdie geestelike geknoeiery elke keer wetenskaplike name uitgedink: die nuutste is God se missie. God se saak is missionale bediening. Mense moet as 'n vrywillige arbeiderskorps oortuig word dit is god se saak om jouself vir gratis gemeenskapdiens op te offer omdat die owerheid nie meer gemeenskapsdienslewer nie.

Jong mense moet in Engels gospelfeeste hou want dit is God se saak dat hulle geestelike leiers moet word vir die nuwe nasie van God! God se nuwe Engelse nasie!

As dit ons redding is om in skuld voor God ons self vir God se sake op te offer, dan is ons net so beklaenswaardig soos die Joodse vroue en kinders. Dan sal ons in die geestelike geknoeiery van geestelikes sterf vir God se saak, terwyl dit nooit ooit God se sake is nie.

Maar dit is en kan nooit ons manier van redding wees nie.

Ons leef in die toesegging van die Here wat vir ons op Paasvrydag aan die kruis gesterf het as die enigste offer vir ons sonde: Jou sondes is vergewe deur jou geloof in my!

Ons leef in die verlossing dat ons onself skuldloos in liefde aan God kan toewy. Hy laat ons liefde vir Hom heilig en reg wees.

Ons gee ons nooit uit skuld voor God aan 'n geestelike geknoeiery met God oor as offer vir mense se mag asof dit God se saak is nie.

God het geen mag of sakebelange waar Hy ons opoffer nie. Hy het ons lief en offer Homself as mens sodat ons weer in sy liefde met liefde aan hom toegewy kan wees.

Liturgie.

1. Lied 381 verse 1, 2, 3.
2. Lied 377 verse 1, 2, 3.
3. Lied 393 verse 1, 3 ,4.